



WARE NOORD

'n Reeks om jongmense te help om te weet
WAT hulle glo en WAAROM hulle glo



Renier du Plessis

Ware Noord
Outeursreg © Renier du Plessis
Hierdie uitgawe © 2015 KidsXpress

Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie publikasie mag gereproduseer, in 'n ontsluitingstelsel bewaar of weergegee word, in enige vorm of op enige manier, hetsy elektronies of meganies, deur fotokopiëring, die maak van opnames of andersins, sonder die skriftelike toestemming van die kopiereghouers nie.

Eindredakteur: Werner Schultz
Teksredigering: Tania Schultz
Taalversorging: Thea Brink
Omslagontwerp: Lizelle Steenkamp
Bladsy-uitleg: Lizelle Steenkamp
PowerPoint: Lizelle Steenkamp en Tania Schultz

© Aanhalings uit die Bybel in Afrikaans (1983-vertaling met herformulerings)
BYBELGENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA

“Lighthouse” Performed by Anthem Lights (p) 2011 Provident Label Group LLC, a unit of Sony Music Entertainment. All rights reserved. Used by permission. Anthem Lights appears courtesy of Reunion Records

Uitgegee deur KidsXpress
Reg. no. 2004/032410/08
Dramastraat 38, Somerset-Wes, 7130
021 8528645
info@kidsxpress.org
www.kidsxpress.org

ISBN 978-0-9922279-6-8
Gedruk en gebind deur RSA Litho

Vir Reynhardt en Karlien



Dankie

Eerstens, dankie aan Dalina, Reynhardt en Karlien vir die name en oulike storie-idees in die boek.

'n Groot dankie aan Udo en André van die AntWoord-bediening vir julle insig aangaande die tegniese korrektheid van die argumente uit die Christelike apologetiek wat in die boek voorgehou is.

Dankie Mariaan, Oom Frik en Tannie Theula, vir die taalversorging en goeie praktiese raad.

'n Groot dankie aan Werner en Tania Schultz. Julle was bereid om vir my 'n geleentheid te gee wat min ander uitgewers my sou gun. Mag ons nog 'n lang en vrugbare paadjie saam loop.

WARE

Inhoudsopgawe

Voorwoord

Inleiding

- | | | |
|----|--|----|
| 1. | Is daar iets soos 'waarheid' en hoe weet ons wat waar is? | 1 |
| 2. | Bestaan God werklik en hoe weet ons dit? | 8 |
| 3. | Is alle gelowe verskillende maniere om dieselfde God te verstaan? | 15 |
| 4. | Die Christelike geloof tussen ander gelowe: Hoe weet ons ons is reg? | 22 |
| 5. | Wat is God se perspektief op swaarkry en lyding? | 30 |
| 6. | Hoe kan ek 'n betekenisvolle lewe lei? | 36 |

Bibliografie

42



NOORD

Voorwoord

In 'n era waar jongmense konstant gebombardeer word met vrae oor God se bestaan en die postmoderne samelewing ons jeug in allerhande onsekere rigtings indwing, moet die kerk die waarheid oor God duidelik en prakties uitbasuin! *Ware Noord* is 'n suiwer stem wat bo die geraas van ateïsme uitstyg. Dit maak die Waarheid op geselstrant in tienerharte vas en is 'n uitstekende hulpmiddel vir kerke, jeuggroepe en skole. Met praktiese groepbesprekings en relevante Skrifgebruik maak hierdie boek 'n groot impak op die gebied van die apologetiek. Met die lees hiervan is ek opnuut gemotiveer om my geloof met ander te deel en logiese antwoorde op moeilike vrae aan 'n twyfelende, verlore wêreld te gee.

– Retief Burger





Inleiding

Drie dinge het aanleiding gegee tot die skryf van **Ware Noord**: 'n spesifieke waardering, 'n groeiende bekommernis en 'n lewenslange verwondering.

My spesifieke waardering van die veld van apologetiek: My eie geloof het oor die jare vaster fundamente gekry hoe meer ek redes kon gee, nie net vir *wat* ek glo nie, maar *waarom* ek dit glo.

'n Groeiende bekommernis oor statistiek uit die VSA: Ongeveer 80% van jong volwassenes wat in Christelike huise grootword, gee hul geloof prys wanneer hulle die huis verlaat en die werks- of studentelewe betree. Waarom? Hulle word oorval met slim teorieë en argumente deur ateïste en aanhangers van ander gelowe, en het nie in hulle huise geleer om hul eie geloof te verduidelik of te verdedig in so 'n vyandige wêreld nie.

My lewenslange verwondering oor die kuns van storievertelling: Min dinge is so lekker soos om myself te verloor in die avontuur van 'n goeie storieboek.

My gebed is dat die jongmense van Suid-Afrika 'n radikaal ander geloofsfondasie sal ontwikkel as die een waarmee ek grootgeword het, een wat nie net gebou is op tradisie en gevoelsoortuiging nie, maar ook op rasonale redes en die redelikheid van die Christelike geloof. Ek bid dat hulle God sal dien met hulle hele hart, hele siel en **hele verstand**.

Apologetiek

Die boek se lestemas en vrae val onder die oorhoofse studieveld wat in die Christelike milieu **Apologetiek** genoem word. Dit is baie belangrik dat die jongmense aan hierdie woord se definisie en sy plek in die Christen se lewe bekendgestel word, aangesien dit die boek se vertrekpunt vorm.



Apologetiek kom van die Griekse woord *apologia* wat beteken "om 'n antwoord te gee". Dit klink baie soos die Engelse woord *apologise*, maar het niks te doen met verskoning vra vir ons geloof nie! Intendeel. Dit het alles te doen met 'n antwoord gee vir ons geloof aan mense wat skepties is oor Christenskap.

Die woord word so gebruik in 1 Petrus 3:15: "Wees altyd gereed om 'n **antwoord te gee** aan elkeen wat van julle 'n verduideliking eis oor die hoop wat in julle lewe."

Ons wil jongmense graag leer om nie net te weet **wat** hulle glo nie, maar ook **waarom hulle glo** wat hulle glo!

Indien beskikbaar, kan die DVD, *God's not dead* (PURE|FLIX), as inleiding tot of afsluiting van die reeks aan die jongmense vertoon word.

Metode van aanbidding

Die boek se vertrekpunt is die avontuurlike verhaal van Jonathan Hunter, 'n sewentienjarige seun wat die geleentheid kry om vir drie weke lank op sy oom se manjifieke seilskip *Glory* te reis. Die verhaal speel af in die jaar 1775.

Op die reis ontmoet Jonathan, 'n opregte maar naïewe Christen-tiener, mense wat radikaal anders dink oor die lewe as hy. Die jongmense deel dan in sy stryd om antwoorde te kry op al die moeilike



vrae waarmee hy op sy avonture gekonfronteer word.

Die aanbieder van die byeenkoms moet dus die verhaal woordeliks aan die jongmense in sy groep voorlees. Indien hy/sy nie daardie rol wil inneem nie, moet dit aan 'n bekwame voorleser gedelegeer word.

Die verhaal is sentraal tot die sukses van elke byeenkoms.

Indien die jongmense in 'n groot groep bymekaarkom, kan die lofsang, aanbidding en voorlees van die verhaal in die groot groep plaasvind. Tydens die groepbesprekings verdeel die jongmense in kleingroepe waar volwasse groepleiers die besprekings fasiliteer. Die meegaande CD bevat 'n temalië vir die reeks, *Lighthouse*, asook 'n PowerPoint-aanbieding en 'n uitdeeltuk vir elke byeenkoms.

Vorbereiding

Die tipe vrae en onderwerpe wat in die boek behandel word, noodsaak die groepleier om baie goeie voorbereiding te doen. Die vrae verg weldeurdagte en redelike antwoorde. Die antwoorde is egter nie voor die hand liggend nie.

Bo en behalwe dat die les en die aktiwiteite goed deurgelees moet word, word daar aan die einde van die boek 'n lys bronne gegee. Dit word sterk aanbeveel dat die groepleier ten minste die webtuistes wat hier gelys word, besoek en die genoemde artikels aandagtig deurlees. Dit sal hom/haar 'n breër verwysingsraamwerk gee om die tema van die les met meer selfvertroue te kan aanbied.

Onthou dat ander vrae maklik kan ontstaan, vrae wat nie in die verhaal hanteer word nie. Die groepleier moet dus eerlik genoeg wees om te erken indien hy/sy nie antwoorde op al die vrae het nie. Net omdat jy nie die antwoord ken nie, beteken egter nie daar is nie 'n antwoord nie! Daar is wel bronne om ander vrae te help ondersoek. Neem veral vrymoedigheid om ons vennote by die AntWoord-bediening te kontak (antwoord.org.za@gmail.com). Hulle staan gereed om *Ware Noord*-gebruikers te help.

Ware Noord is geskryf vanuit twee beginsels:

1. Die Bybel is die hoogste gesag in die lewe van elke Christen.
2. Christenskap is gebaseer op logiese en feitlike redes.

Hierdie twee beginsels vorm dan ook die basis van die aktiwiteite van elke les.

Die jongmense moet vir elke les hulle Bybels en 'n pen/potlood na die byeenkoms toe bring. Ons wil graag 'n kultuur skep binne elke byeenkoms om die Bybel oop te maak en hardop saam te lees. Die Bybel kry dan kans om 'n gewigtige impak op elke hoorder te maak!



Ten slotte

Elke groepleier wat **Ware Noord** aanbied, speel 'n sleutelrol in die vestiging van 'n nuwe generasie jong Christene. Ons hoop is dat ons hierdie generasie sal help om die wonder van die Christelike geloof te kan verduidelik en verdedig aan 'n wêreld wat desperaat nodig het om ons Drie-Enige God te leer ken en te beleef.

Renier du Plessis